

Laeveld Agrochem
Saam boer ons vooruit
Junie 2025

# MOENIE DAT VERREGAANDE AANSPRAKE OOR BYVOEGMIDDELS JOU MISLEI NIE

*Deur Brian de Villiers*

Byvoegmiddels word al vir jare saam met gewasbeskermingsprodukte (GBP'e) gebruik. Die vordering in byvoegmiddeltegnologie is fenomenaal en die meeste moderne produkte is beide effektief en veilig. Byvoegmiddels word egter nog dikwels verkeerd verstaan en aanbeveel. Dit lei tot talle verregaande aansprake oor die vermoë van byvoegmiddels. Ons moet verstaan dat alhoewel byvoegmiddels effektief is, hulle nie wonderprodukte is nie, en dat hulle ook beperkings het. Dit is waarom dit so geweldig belangrik is om net produkte te gebruik wat wyd in statistiese proewe getoets is en 'n bewese reputasie het.

## *Byvoegmiddels verander nie die GBP'e se metode van werking nie*

Die hooffunksie van byvoegmiddels is om GBP'e te help om hul potensiaal te bereik. Daarom beperk hulle die negatiewe invloed van omgewingstoestande, sodat die GBP nog aanvaarbare beheer kan bereik. Aansprake word soms gemaak dat wanneer 'n byvoegmiddel gebruik word, die plaag, onkruid- of siektebeheer in 'n breukdeel van die tyd behaal word. Dit is hoogs onwaarskynlik omdat byvoegmiddels gewoonlik nie die beheertyd drasties verkort nie. Inteendeel, vinnige beheer is nie altyd voordelig nie omdat dit onder sekere omstandighede tot oneffektiwiteit of gewasskade kan lei. Nog 'n aanspraak wat soms gemaak word, is dat byvoegmiddels die metode van werking van die GBP verander, byvoorbeeld 'n kontakproduk word sistemies. Alhoewel byvoegmiddels die effektiwiteit verhoog, is dit hoogs onwaarskynlik dat hulle die GBP se metode van werking sal verander. Hulle enigste funksie is om GBP'e te help om te doen wat hulle moet doen, maar net meer effektief.

## *Byvoegmiddels fasiliteer nie lae dosisse nie*

Een van die gevaarlikste aansprake wat oor byvoegmiddels gemaak kan word, is dat hulle die gebruik van drasties verlaagde GBP-dosisse moontlik maak. Dit is wel so dat byvoegmiddels die effektiwiteit van GBP'e verhoog, maar bewerings dat dit jou toelaat om GBP'e teen dosisse laer as waarvoor hulle geregistreer is, te gebruik, behoort gevaarligte te laat flikker. Byvoegmiddels behoort uitsluitlik gebruik te word om GBP'e te help om hul potensiaal te bereik. Hulle is nie wonderprodukte wat effektiwiteit tot so 'n mate verhoog dat dit laer as geregistreerde GBP-dosisse moontlik maak nie. Om hierdie aanspraak te maak is roekeloos, en druis in teen alle etiketaanbevelings en gesonde verstand.

## *Villa se mening*

Byvoegmiddels stel GBP'e in staat om meer van hul potensiaal te bereik – niks meer en niks minder nie. Hulle verander nie die metode van werking van GBP'e nie, en verkort ook nie die tydsduur waarin onkruide, peste of siektes beheer word nie. Dit behoort ook nooit gebruik te word om die dosisse van GBP'e te verlaag nie, veral na vlakke laer as die geregistreerde dosis. GBP'e het 'n geregistreerde dosis waarteen dit effektief onder die meeste toestande is, daarom behoort byvoegmiddels net gebruik te word om beheer te verhoog en te stabiliseer. Villa glo sterk in byvoegmiddels, en ons sien die voordele daarvan om dit saam met ons GBP'e te gebruik. Dit moet egter verantwoordelik en volgens etiketvoorskrifte gebruik word. Byvoegmiddels se enigste doel is dus om effektiewe beheer, sonder enige negatiewe effekte, te fasiliteer. Moet asseblief nie verregaande aansprake glo sonder die nodige bewyse, rekord van gebruik, en registrasies nie! Kontak jou Villa-landboukundige vir meer inligting oor byvoegmiddels en watergehalte.



Laeveld Agrochem

Together cultivating success

June 2025

# DON'T BE MISLED BY OUTRAGEOUS ADJUVANT CLAIMS

*By Brian de Villiers*

Adjuvants have been used with crop protection products (CPPs) for years. The progress in adjuvant technology has been phenomenal and most modern products are both effective and safe. However, adjuvants are still often misunderstood and incorrectly recommended. This leads to numerous outrageous claims about the ability of adjuvants. We must understand that although adjuvants are effective, they are no silver bullet, and they also have limitations. This is why it is crucial to only use products that have been tested extensively in statistical trials and have a proven track record.

## *Adjuvants don't change the mode of action of CPPs*

The main function of adjuvants is to help CPPs to reach their potential. Therefore, they limit the negative influence of environmental conditions, so that the CPP can still achieve acceptable control. Claims are sometimes made that when using an adjuvant, the pest, weed or disease control is achieved in a fraction of the time. This is highly unlikely because adjuvants normally don't reduce the control time dramatically. In fact, rapid control is not always beneficial because it may cause inefficacy or crop damage under certain conditions. Another claim that is sometimes made, is that the mode of action of the CPP is altered, for instance a contact product becoming systemic. Although adjuvants do increase efficacy, it is highly unlikely that they will change the CPP mode of action. Their only function is to help CPPs do what they must do, but more effectively.

## *Adjuvants don't facilitate low rates*

One of the most dangerous claims that can be made about adjuvants, is that they facilitate the use of drastically reduced CPP rates. It is true that adjuvants increase the efficacy of CPPs, but when it is claimed that a low and unregistered CPP rate can be used, red lights should start flashing. Adjuvants should be used solely to help CPPs to reach their potential. They are not miracle products that increase efficacy to the extent that they enable the use of CPPs at rates lower than those at which the CPP is registered. To make such a claim is reckless and against all label recommendations, not to mention common sense.

## *Villa's stance*

Adjuvants enable CPPs to reach more of their potential – nothing more, nothing less. They do not change the mode of action of CPPs or dramatically decrease the time it takes to control weeds, pests or diseases. They should also never be used to reduce the rates of CPPs, especially to dosages below those registered. CPPs have a registered rate where they are effective under most conditions, therefore adjuvants should only be used to increase and stabilise control. Villa really believes in adjuvants, and we see the benefits of using them with our CPPs. However, they should be used responsibly and according to label recommendations. Therefore, their sole purpose is to facilitate effective control, without any negative effects. Please don't believe outrageous claims without the necessary proof, track record, and registrations! Contact your Villa agronomist for more information about adjuvants and water quality.